kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 266

Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy u Naam.
Laat u ryk kom, u wil geskied
soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde,
net soos ons vergewe dié wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking,
maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen.
Vir ewig en ewig, amen.

Woorddiens

Tema: Belangrikheid en nederigheid

Skriflesing: Markus 9:30-37

"We should ask God to increase our hope when it is small, awaken it when it is dormant, confirm it when it is wavering, strengthen it when it is weak, and raise it up when it is overthrown."
— John Calvin

Broodjies vir die pad

"The soul is healed by being with children."
— Fyodor Dostoevsky

"There is nothing noble in being superior to your fellow man; true nobility is being superior to your former self."
— Ernest Hemingway

"There is a twilight zone in our hearts that we ourselves cannot see. Even when we know quite a lot about ourselves-our gifts and weaknesses, our ambitions and aspirations, our motives and our drives-large parts of ourselves remain in the shadow of consciousness. This is a very good thing. We will always remain partially hidden to ourselves. Other people, especially those who love us, can often see our twilight zones better than we ourselves can. The way we are seen and understood by others is different from the way we see and understand ourselves. We will never fully know the significance of our presence in the lives of our friends. That's a grace, a grace that calls us not only to humility, but to a deep trust in those who love us. It is the twilight zones of our hearts where true friendships are born."
— Henri Nouwen

O, die hysbak is 'n wonderlike ding

Wilhelm Jordaan

In die trant van die liedjie "O, die donkie . . ." wil ek soms sing: "O, die hysbak. O, die hysbak is 'n wonderlike ding . . ." juis omdat 'n mens dikwels as 'n stom(geslaande) getuie soveel meedoënlose oortuigings in dié benouende ruimte moet aanhoor.

Soos nou die dag tussen die boonste verdieping en die grondvloer in 'n gebou wat geleerdheid huisves: "Daar kan nie iets soos ongelowige gelowiges wees nie. Die woordeboek beaam dit. Dié begrippe trek nie in dieselfde tuig nie . . ."

Ek brand om te vra: Wat is 'n woordeboek – dalk 'n arbitrêre ordening van gangbare woordbetekenisse? Maar ek vermoed byvoorbaat my "sendingwerk" gaan op dowe ore val.

Agterna bedink ek die trant van die hysbak-debat. Die "fout" wat baie mense maak, is dat hulle 'n ouderwetse soort logika aanwend wat nie rekening hou met mense se belewenisse ver anderkant woorde nie.

Hulle gebruik dan Aristoteles se wet van geen weerspreking: Iets kan nie A én nie-A wees nie. Soms werk dit. Soos om te sê 'n vrou kan nie tegelyk swanger en nie-swanger wees nie. Maar kan 'n mens dieselfde van geloof sê – 'n mens is óf gelowig óf ongelowig?

Wat dikwels misgekyk word, is 'n moderner redeneerkuns wat daarop gerig is om deur debat en gesprek die middelgrond tussen opponerende posisies (soos geloof en ongeloof) te verken in die lig van ander moontlikhede. Soos die Katolieke teoloog Hans Küng dit in sy Does God Exist? beredeneer volgens die beginsel van simul fidelis et incredulus: gelyktydig gelowig en ongelowig.

Vir baie ander teoloë, predikante én gewone kerkmense is dit 'n bevredigende uitgangspunt. Diesulkes reken die belewenis van onsekerheid en twyfel is wesenlik 'n positiewe krag.

Hulle beaam wat die priester Monsignor Quixote in Graham Greene se gelyknamige roman sê: "Ek word oorval deur twyfel. Ek is van niks seker nie, nie eens van die bestaan van God nie. Maar twyfel is nie verraad nie. Dit is menslik. O, ek wens so dat dit alles waar is – en daardie wens is die enigste sekerheid wat ek het . . ."

Dit is juis dié "wens" waarvan die priester praat wat – te midde van onsekerheid, twyfel en ongeloof – die impuls tot herhalende, kritiese geloofsbesinning wakker hou.

Dít in teenstelling met 'n fundamentalistiese geloof waarin onsekerheid, twyfel en bevraagtekening van tradisionele geloofsopvattings en -uitings as 'n sondige en verdoembare ondeug beskou word.

Met as enigste denkbeginsel die logika van geen weerspreking. Soos 'n mens dit teëkom in stellings soos: Jesus het letterlik en fisiek uit die dood opgestaan (die graf was leeg) óf hy het nie; jy dien die Here óf jy dien hom nie; dit is óf die smal weg hemel toe óf die breë weg hel toe.

Dit word dan ’n manier van dink oor byna alle lewensdinge – toegeklamp in die maklike en gemaklike uiterstes van óf dit óf dat, sonder ’n bewussyn van verrykende moontlikhede tussenin.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/o-die-hysbak-is-n-wonderlike-ding-20180919

“A true genius admits that he/she knows nothing.”
— Albert Einstein

“And as I close this chaotic volume I open again the strange small book from which all Christianity came; and I am again haunted by a kind of confirmation. The tremendous figure which fills the Gospels towers in this respect, as in every other, above all the thinkers who ever thought themselves tall. His pathos was natural, almost casual. The Stoics, ancient and modern, were proud of concealing their tears. He never concealed His tears; He showed them plainly on His open face at any daily sight, such as the far sight of His native city. Yet He concealed something. Solemn supermen and imperial diplomatists are proud of restraining their anger. He never restrained His anger. He flung furniture down the front steps of the Temple, and asked men how they expected to escape the damnation of Hell. Yet He restrained something. I say it with reverence; there was in that shattering personality a thread that must be called shyness. There was something that He hid from all men when He went up a mountain to pray. There was something that He covered constantly by abrupt silence or impetuous isolation. There was some one thing that was too great for God to show us when He walked upon our earth; and I have sometimes fancied that it was His mirth.”
— G.K. Chesterton, Orthodoxy

“In anything that does cover the whole of your life - in your philosophy and your religion - you must have mirth. If you do not have mirth you will certainly have madness.”
— G.K. Chesterton

“Heaven has become for us the cosmic space of the physicists... But 'the heart glows,' and a secret unrest gnaws at the roots of our being.”
— Carl Gustav Jung

“One could say, with a little exaggeration, that the persona is that which in reality one is not, but which oneself as well as others think one is.”
— Carl Jung

Brood vir die pad

Jesus openbaar God as die Gans Andere

André van Niekerk

Geen dominee se boek het so ’n invloed op die kerklike lewe gehad soos Karl Barth se Der Römerbrief nie. Verlede maand was dit 99 jaar sedert die eerste uitgawe van dié Gereformeerde dominee van ’n klein Switserse dorpie, Safenwil, se kommentaar op die Bybelboek Romeine verskyn het.

Met die oorgang van die 19de na die 20ste eeu was daar ongekende optimisme in Westerse lande. In sterk teenstelling met dié vooruitgangsgeloof is ons plase afgebrand, was die vyandskap tussen joiners en bittereinders venynig en is getreur oor meer as 26 000 vroue en kinders.

Dit was juis die oënskynlike “suksesse” van kolonialisme wat saam met wetenskaplike ontdekkings en die tegnologiese toepassings daarvan die idealisme in Europa laat hoogty vier het.

Prof. Adolf von Harnack is byvoorbeeld gevra om ’n reeks lesings in Berlyn oor die wese van die Christendom te hou. Daarin moes hy ’n verduideliking gee van die Christelike kultuur waarin die universiteit bestaan en kon hy die relevansie van geloof by moderne wetenskaplikes tuisbring. Von Harnack het die essensie van die Christendom in die buitengewone lewe van die historiese Jesus – veral in sy vertroue in God as Vader, sy grensoorskrydende aanvaarding van alle mense en sy verkondiging van God se Koninkryk – gevind. Die kruisiging en opstanding van Jesus, wat soveel aandag in Paulus se briewe kry, skep ongemak vir rasionele verklarings en is onderbeklemtoon.

Gedurende die verskrikking van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1919) tussen “Christenlande” verloor mense hul Godsvertroue en hul geloof in menslike vooruitgang. Die tegnologie skep immers nie net medisyne, telefone, rolprente, motors en vliegtuie nie, maar ook bomme en gifgas waarmee meer mense as ooit per dag gedood kan word.

Onder leiding van Von Harnack steun 39 professore Duitsland se oorlogslustige keiser Wilhelm II openlik. Dié optrede deur sy ou professor het Barth diep geskok. Waar hy voorheen net geworstel het oor wat sy liberale teologie hom kon laat preek, het Barth nou besef hoe gevaarlik godsdiens is en hoe leeg die Christelike geloof deur moderne kritiek getap is. As Jesus net as ’n leermeester en voorbeeld beskou word en nie ook as verlosser geglo word nie, help dit ons nie.

Voor Barth se lessenaar was ’n afdruk van Grünewald se skildery van die kruisiging. Soos dié skildery se Johannes die Doper wil hy na die gekruisigde wys. Ons kan nie die openbaring van God deur redenering besit nie. Jesus is egter God se Woord, Hy openbaar God as die Gans Andere.

Barth neem Paulus – al is hy menslik met foute – ernstig op as ’n geïnspireerde getuie. Op vreugdevolle wyse ontdek hy dat ons probleme ook Paulus s’n was en sy verlossing van menslike kwaad en godsdiens genadiglik ook ons s’n kan word.

Wat wou Barth beduie? Net een reeks waarin hy die geloof diepsinnig herbedink, beslaan 10 000 bladsye en 6 miljoen woorde! Volgens oorlewering sou hy op ’n keer antwoord: “Jesus min my, salig lot, ek weet dit uit die Woord van God…”

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/jesus-openbaar-god-as-die-gans-andere-20180918

“I simply believe that some part of the human Self or Soul is not subject to the laws of space and time.”
— Carl Jung

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877